



GESAMENTLIKE PERSVERKLARING: GRENSOPHOPING

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (SARS)

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS (SAPD)

GRENSBESTUURSOWERHEID BORDER (BMA)

PADVLAGVERENIGING (RFA)

SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR VRAGVERVOERDERS (SAAFF)

Dinsdag, 6 Junie 2023

AAN ALLE OORGRENSE Vervoerders

Landgrensposte ondervind tans ophoping en vertragings ten opsigte van die oorgrense prosessering van trokke en vragte, met die N4-gang na Maputo deur die Lebombo-grenspos wat die ergste geaffekteer is.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) die Grensbestuursowerheid (BMA), die Padvlagvereniging (RFA), en die Suid-Afrikaanse Vereniging van Vragvervoerders (SAAFF) werk saam, en met dringendheid, om die uitdagings te bestuur wat tans ondervind word en om grensprosessering so gou as moontlik na normaal te herstel.

Ons doen 'n beroep op alle geaffekteerde vervoerders en trokdrywers om met hierdie poging te help, om geduld en selfbeheersing aan die dag te lê, en om hul te weerhou van optrede wat nie sal bydra tot die handhawing van georganiseerde vloei van verkeer na en deur ons grense nie. Dit sluit in die minagting van verkeersreëls, blok van bane, en om trokke te verhoed om te beweeg.

Handhawing van ordelike en voortgesette beweging van trokke na die grens is uiters belangrik om die prosessering van trokke moontlik te maak op 'n ongerekenariseerde en tussentydse basis hangende die oplossing van die tegniese uitdagings wat tans ondervind word. In hierdie verband, en om verdere ophoping te vermy, versoek ons ook dat trokke sonder 'n "Proceed to Border"-kennisgewingstatus nie die grens nader nie en nie by die grens parkeer in afwagting van klaringsdokumente nie. Ons moedig alle handelaars aan om die funksionaliteit vir voorafklaring van vragte te gebruik.

Belanghebbendes kan verseker wees dat ons tegniese spanne dag en nag werk om die kwessies, wat ondervind word, op te los. Ons afsonderlike beamptes doen saam hul uiterse bes om trokke ongerekeneiseerd en so vining as moontlik te prosesseer, en ons strewe om wet en orde te handhaaf in die geaffekteerde vraggange, asook in grensbeheergebiede.

Ons versoek vriendelik u hulp om hierdie boodskap aan u drywers en sakevennote te kommunikeer. Ons sal u ingelig en op datum hou van vordering in die oplos van die situasie.

EINDE